Hartlik welkom vanmôre by die Erediens van NGK Walmer, waar die gemeente getuie is van die Openbare Belydenis van u Geloof op Sondag 4 November 2018.

- **Michanté Dorfling** Psalm 26:3
- **Inge du Plessis** Psalm 23:1
- **Suné van Heerden** Psalm 25.1

Ons is trots op u, ons bid dat u geloof steeds sal toeneem, dat u na die natuur sal omsien, dat u sal bid en Bybel lees, dat die Here elke dag vir u u dag se brood sal gee. Mag Jesus vir jou mettertyd 'n maat gee wat vir jou baie lief sal wees. Baie dankie aan u ouers en grootouers. Hulle het altyd moeite vir u gedoen. En vandag. Ons eer u

KRY JOU LEWE REG

Almal kry tot 'n geboortedatum, en 'n sterfdatum
almal kry dit reg, maar dit is wat daartussen gebeur, die lewe, wat almal nie regkry nie, tog, êrens, wil jy daaraan dink.

Lukas 12

"Iemand uit die menigte sê toe vir Jesus: Meneer, sê vir my broer hy moet die erfenis met my deel. maar Hy antwoord hom: Man, wie het My as regter of verdeler aangestel? Toe sê Hy vir hulle: "Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie. Toe vertel Hy vir hulle 'n gelykenis: 'n Ryk man se grond het goed gedra. Hy het toe by homself gedink. Wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaar nie. Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaar. Dan sal ek vir myself sê: Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink, en leef lekker. Maar God het vir hom gesê: Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaar gemaak het? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie."

Jesus is nie alles nie.
Jesus is nie alles vir almal nie.
Jesus is nie die antwoord op elke vraag nie.
Hy weier.

2 manne kom na Jesus:
Maar wil U nie net gou ons pa se boedel uitsorteer nie?
Jesus sê "**Wat? "Wie het My aangestel?**"